

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

YHVH SE VOEDSELVOORSKRIFTE

LES 2: DOEL EN BASIS VAN HIERDIE STUDIE

INLEIDING

1. Paulus skryf in sy brief aan die Kolossense ondermeer die volgende:

Daarom hou ons ook nie op nie, van die dag af dat ons dit gehoor het, om vir julle te bid en te vra dat julle vervul mag word met die kennis van sy wil in alle wysheid en geestelike insig, sodat julle waardiglik voor God mag wandel om Hom in alles te behaag en julle in elke goeie werk vrug mag dra en in die kennis van God mag groei, en met alle krag bekragtig word volgens die mag van sy heerlijkheid tot alle lydsaamheid en lankmoedigheid met blydschap. Kol. 1:9 tot 11

2. Die apostel Petrus skryf in sy laaste algemene brief die volgende:

Mag genade en vrede vir julle vermeerder word deur die kennis van God en Yeshua, onse Meester! 2 Pet.1:2.

Maar julle moet toeneem in die genade en kennis van onse Meester en Saligmaker, Yeshua Messias. 2 Pet. 3:18.

3. Bogenoemde teksverse moet die strewe van elke gelowige wees, naamlik om toe te neem in die genade en kennis van God tot wysheid en geestelike insig. Ons almal moet ons beywer om tot volle kennis en openbaring van YHVH en Yeshua Messias te kom sodat ons waardiglik voor Vader-God mag wandel en Hom **in alles behaag**. Daarom moet ons ook met hierdie studie die gesindheid van die Bereane openbaar deur die Skrifte te ondersoek of dit die waarheid is (Hand. 17:11 en 12). Ons moet op die Afgesonderde (Heilige) Gees vertrou om die waarheid aangaande YHVH se voedselvoorskrifte aan ons te openbaar.

DOEL VAN STUDIE

1. In Levitikus 11 en Deuteronomium 14 word die voedselwette van YHVH vir ons gegee. Die kernvraag wat ons in hierdie studie gaan ondersoek, is

die volgende: *Is hierdie voedselwette steeds van toepassing op die gelowige in Yeshua Messias?* Met ander woorde: *Kan die mens self besluit oor wat hy eet?* Hierdie onderwerp word baie selde, indien ooit, deur gelowiges bespreek. Die rede is dat die oorgrote meerderheid glo dat hierdie voedselvoorskrifte met die kruisiging en opstanding van Yeshua Messias opgehef is. Dit is deel van die siening dat die gelowige in Messias nie meer onder die wet is nie, maar onder die genade.

2. Verder is die algemene siening dat YHVH se voedselwette opgehef is ook gegrond op die interpretasie van sekere nuwe testamentiese uitsprake. Hierdie teksverse sal ook in hierdie studie ondersoek en bespreek word.
3. Laastens sal die redes vir, en die doel van, hierdie voedselwette ook ondersoek word. Was dit net op Israel van toepassing in 'n tyd waar voedselhygiëne relatief primitief was? Was hierdie wette net vir 'n geestelike doel, soos heiligmaking, deur God ingestel of was daar moontlike wetenskaplike redes ook voor gewees – redes wat eers in onlangse jare deur navorsing bekend geword het? Wou YHVH bloot sekere beperkinge op die mens plaas terwille van selfdissipline? Het die toepassing van YHVH se voedselvoorskrifte met tyd verdwyn soos die kerk 'n meer nie-Joodse karakter en kultuur aangeneem het? Daar sal gepoog word om hierdie en ander vrae te beantwoord.
4. Alvorens met hierdie studie begin word, is dit aan te beveel dat Levitikus 11 en Deuteronomium 14 aandagtig gelees word. Lees dit sonder enige vooropgestelde idees of vooropgestelde interpretasie. Beskou dit as die woorde van 'n liefdevolle Vader aan sy kinders. Hou ook bogenoemde vrae by punt 3 in gedagte wanneer hierdie twee hoofstukke gelees word.
5. Soos in Les 1 van hierdie studie bespreek is, is dit ook aan te beveel dat elkeen duidelikheid moet kry oor die kwessie van die wet (Torah) en genade. Vir die doel kan die Bybelstudie oor hierdie onderwerp gratis afgelaai word by <http://nuwelied.info/?cat=14>
6. Opsommend die volgende: Die uitgangspunt van hierdie studie is dat die Torah, naamlik die wet soos dit algemeen na verwys word, al YHVH se onderrig, instruksies en wysheid is en dat dit ten doel het om die gelowige wat hiervolgens lewe te seën. Dit vorm steeds deel van die hernieude (nuwe) verbond. **Gehoorsaamheid aan Torah is nie 'n poging om deur wetsonderhouding geregverdig te word nie. Geregtheid is alleen deur geloof in die versoeningswerk van Yeshua Messias aan die kruis.**

BASIS VIR HIERDIE STUDIE

1. YHVH het die mens geskape, asook al die geestelike-, morele en natuurwette wat die normale en behoorlike (doeltreffende) funksionering

van die menslike liggaam verseker. Hierdie wette het betrekking op die mens se gees, siel en liggaam. Ons Skepper verstaan die ingewikkelde funksionering van die menslike liggaam, want Hy het dit geskape. Derhalwe weet Hy presies wat goed en wat sleg vir die mens is. As Skepper van die geesteswêreld is Hy ook die Oppergesag daarvan en verstaan Hy die invloed daarvan op die mens ook ten volle. Daarom stel YHVH die standaard, en is Hy die standaard, van wat vir die mens rein en onrein is, heilig en onheilig is en wat goed en wat slegs is.

2. Die oorspronklike doel vir die mens was 'n lewe van oorfloed; 'n lewe sonder pyn, sonder siekte, sonder gebrek en met geen einde nie en wat God hier op aarde moes verteenwoordig. YHVH se doel was 'n mens na Sy beeld wat in al die hoedanighede van Hom sal deel en die aarde sal onderwerp en daarvoor sal heers.
3. Met die sondeval was hierdie oorfloed lewe iets van die verlede en is die gevolg van ongehoorsaamheid aan YHVH se geestelike-, sosiale-, morele- en natuurwette grootliks die rede vir 'n lewe van siekte, pyn, gebrek, teenspoed en uiteindelik die dood.
4. Ons gesondheid het 'n invloed op die kwaliteit lewe wat ons het. Dit beïnvloed ons gees, siel en liggaam. YHVH se doel was dat die gees, die beheer oor die siel moet neem en die gees en siel die beheer oor die liggaam (vlees) moet hê. Hierdie is God se orde en dit is ook vir dié doel wat Torah aan die mens gegee is, want dit is die weg na 'n welgeluksalige lewe.
5. Daarom is dit steeds YHVH, ons God en Vader, se wil dat die mens 'n lewe van oorfloed vry van pyn, siekte, gebrek en teenspoed deelagtig moet wees. Dit is ondermeer vir dié doel wat Yeshua Messias na die aarde gekom het (Joh. 10:10b).

I have come that they might possess life, and that they might possess it beyond measure. (The Scriptures, 1998)

6. YHVH se wil vir die mens is 'n gesonde gees en siel en liggaam. Daarom sal die mens nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord van God (Matt. 4:4; Luk. 4:4; Deut.8:3). Die noudesette toepassing van Torah voed die mens se gees en siel om sodoende die beheer oor die liggaam (die vlees) te kry. In Torah, naamlik YHVH se onderrig (kennis), instruksies (wette, besluite) en wysheid (insig), word alles gevind wat die mens nodig het om 'n lewe van oorfloed deelagtig te wees. Hierdie oorfloed sluit gees, siel en liggaam in.
7. Daarom moet ons onself oefen in die godsaligheid (in gehoorsaamheid en toegewydheid aan God en heilige ontsag vir Hom), want dit het waarde in die huidige en toekomstige lewe (1 Tim. 4:7 en 8). Die noudesette

toepassing van Torah is 'n oefening in godsaligheid wat in alle opsigte voordelig is.

8. Ons liggame is 'n tempel van die Afgesonderde (Heilige) Gees (1 Kor. 6:19; 2 Kor. 6:16). Elke mens het dus die verantwoordelikheid om sy liggaam te versorg volgens die voorskrifte van YHVH. Soos die tabernakel van ouds gebou en ingerig moes word om as die woonplek van YHVH te dien, so moet ons liggame ook "ingerig" word (voorberei en instand gehou word) vir YHVH om deur Sy Gees in ons te woon. Soos Moses die voorskrifte vir die tabernakel ontvang het, so het ons ook in Torah die voorskrifte ontvang vir ons liggame.
9. Ons is duur gekoop en ons behoort aan God – gees, siel en liggaam (1 Kor. 3:23 en 6:20). Daarom moet ons in hierdie studie die opdrag in Rom. 12:1 en 2 nie vergeet nie, naamlik:

Ek vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God, dat julle jul liggame stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer – dit is julle redelike godsdienst. En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is.

10. Die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is vervat in Torah. Daarom sal dit wat in Torah aangaande YHVH se voedselinstruksies gesê word, ondersoek word, want dit is tot die welsyn van die mens gegee deur 'n liefdevolle Vader aan Sy kinders.
11. Torah bevat al die voorskrifte vir 'n geestelike-, fisiese-, liggaamlike- en morele gesonde leefwyse. Daarom het YHVH onderskeid gemaak tussen dit wat rein en onrein is en van wat heilig en onheilig is. Die Torah leer ons dus hoe om te lewe sodat ons na gees, siel en liggaam rein en heilig kan wees. Dit leer ons hoe om 'n welgeluksalige mens te wees wat in alles voorspoedig sal wees (Ps. 1:1 tot 3; Jos. 1:8). Onthou: Ons is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom en 'n afgesonderde volk wat uit die duisternis geroep is en nou in die wonderbare Lig lewe (1 Pet. 2:9). Dit beteken dat ons "set-apart" is – uitgeroep en uitgesonder om anders as die wêreldling te wees. Lees Deut. 4:5 en 6.

BEPEINS OF BESPREEK DIE VOLGENDE

1. Satan is die een wat steel, slag (doodmaak) en verwoes (Joh. 10:10a). Om YHVH se onderrig, instruksies en wysheid, naamlik Torah, te verontagsaam is om jouself kwesbaar te maak vir Satan om van jou te steel, asook dit dood te maak en te verwoes wat vir jou kosbaar is (gesondheid, geliefdes, finansies, huweliksgeluk, ensovoorts). Daarom moet ons onself **eerstens** aan YHVH onderwerp en tweedens Satan

weerstaan, want dan sal hy van ons af wegvlug (Jak. 4:7). Die volgorde is duidelik: Eers gehoorsaamheid aan God en dan weerstand teen Satan. Dit is nutteloos om Satan te weerstaan terwyl jy jousef nie aan YHWH onderwerp nie, m.a.w. ongehoorsaam aan Torah is.

2. Is die mens nie dikwels vir sy eie siektetoestand verantwoordelik nie? Is hierdie 'n geldige vraag, veral gesien in die lig van ongehoorsaamheid aan YHWH se voedselvoorskrifte?
3. Hoekom is een van die grootste behoeftes in die kerk die behoefte vir genesing van die liggaam? Kyk maar na die aantal mense wat gaan vir gebed vir genesing.

Shalom tot volgende keer.
Johan Kriel

Epos: kontak@nuwelielied.info

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.